

# 19

## JONA

### Die Here is besorg oor almal

#### **ALGEMENE DOELSTELLING**

Die kinders moet weet die Here se genade is vir alle mense bedoel.

#### **SPESIFIEKE DOELSTELLING**

##### **Kennis**

Die kinders moet weet –

- God wil hê dat alle mense gered moet word.
- alle mense moet aan God gehoorsaam wees.
- Jona was ontevrede dat die Here alle mense genadig wil wees.

##### **Gesindheid**

Die kinders moet –

- dankbaar wees omdat God genadig is.
- aanvaar dat die Here ook genade wil bewys aan mense wat Hom nie wil dien nie.

##### **Vaardigheid**

Die kinders moet in staat wees om –

- die hooftrekke van die Jona-verhaal weer te gee.
- te vertel hoe die Here na hulle omsien.

#### **MEER INLIGTING (Jona 1-4 en Kolossense 3)**

Jona kry 'n opdrag van die Here. Hy moes na Nineve, 'n stad in Assirië, gaan. Die Assiriërs was 'n gevreesde vyand van Israel. Die Assiriërs het met geweld regeer, en baie volke was bang vir hulle en het hulle gehaat. Hy moes vir hulle gaan vertel dat hulle berou moet hê oor al die slegte dinge wat hulle doen.

Jona was ongehoorsaam. Hy het probeer om van die Here af weg te vlug. Die Here het anders besluit. Die Here laat nie toe dat mense met sy wil om te red inmeng nie. Jona

het God se opdrag verontagsaam en gaan wegkruip op 'n skip. Maar soos julle weet, kan ons nie vir God wegkruip nie, want Hy is alwetend. Die skip beland toe in 'n storm, en toe die bemanning uitvind dat Jona vir God probeer wegkruip, gooi hulle Jona oorboord. Die storm het dadelik bedaar. God het genade aan Jona betoon, want 'n groot vis sluk hom in en spoeg hom op land uit. Ons kan nie wegkom as God wil hê dat ons iets moet doen nie. Die Here gebruik 'n vis om Jona terug te roep nadat hy ongehoorsaam was. Jona kry 'n tweede kans.

Die Here bewys aan Jona dat hy dieselfde genade ontvang as wat die Here aan Nineve wou bewys. Hy vergewe Jona en stuur hom weer na Nineve. Die Here wil hê dat die mense van Nineve berou moet kry oor hul verkeerde daede. Hy wil ook die koning en die mense van Nineve vergewe. Jona moes hulle gaan vertel dat die Here ook oor hulle heers.

Die groot stad Nineve en sy koning wat oor baie volke geheers het, het gehoor wat Jona vir hulle kom vertel het: Oor veertig dae sal Nineve verwoes word. Hulle was toe jammer oor hul verkeerde daede en het hulle tot die Here bekeer. Die Here het afgesien van sy plan om Nineve te verwoes.

Jona was baie kwaad toe die Here Nineve spaar. Hy wou hê dat die Here Israel se vyand moet uitwis. Jona was selfsugtig. Hy wou hê die Here moet soos hy voel oor die Assiriërs. Maar hier bewys die Here: As mense berou het oor hul verkeerde lewens, vergewe Hy hulle.

Jona moes leer aanvaar dat die Here alle mense liefhet. Hy moes ook leer om gehoorsaam te wees aan die Here. Die Here doen wat Hy goed dink.

## **AANBIEDING**

### **Jy het nodig**

- Lees Jona 1 tot 4 om weer op die hoogte te kom van Jona se geskiedenis.
- Maak op karton vir elke kind **twee** afskrifte van die boekmerk op bladsy 85. Vergroot of verklein dit tot 'n funksionele grootte.

## **KOM ONS BEGIN**

Open met gebed. Vra dat die Here julle sal help om alle mense lief te hê.

## **HET HULLE ONTHOU?**

- Kontroleer of hulle die volgende opdrag uitgevoer het. Laat die kinders om die beurt hul antwoorde lees terwyl die ander hul eie kontroleer. Gee die regte antwoorde indien nodig.
  - Hulle moes neerskryf hoe Simson hom aan die Here moes wy. (Rigters 13: 5) (*Hy mag nooit sy hare afsny nie.*)
  - Uit Numeri 6: 1-5 sekere vereistes neerskryf hoe iemand hom of haar aan die Here moes wy. (*Vir 'n tydperk nie hare en/of baard afskeer nie; nie enigiets wat van druiwe af kom, gebruik nie. Ook nie bier drink nie.*)

- Neerskryf of hulle enige verskil tussen Rigters 13: 5 en Numeri 6: 1-5 opmerk. (*Ja, by Simson word net gesê dat hy nie sy hare mag afsny nie. Sy ma moes terwyl sy hom verwag het, nie bier drink of enigiets eet of drink wat van druiwe afkomstig was nie.*)
- Voorbeelde neerskryf van waar God hulle gehelp het.
- Voorbeelde neerskryf van wat ons kan doen as ons onself aan die Here wy. (*Die enigste vereiste is dat ons God moet liefhê bo alles en ons naaste soos onself – as enigiemand dalk iets anders doen, is dit nie noodwendig verkeerd nie, maar dit is geen vereiste nie.*)
- Kontroleer of hulle die volgende feite en teksvers ken:
  - Wie was Simson se pa? (*Manoag.*)
  - Aan wie moes Simson sy hele lewe lank getrou bly? (*Aan die Here.*)
  - Wat was die teken dat Simson aan die Here getrou bly? (*Dat hy nie sy hare mag sny nie.*)
  - Wanneer het Simson sy krag verloor? (*Simson het sy krag verloor toe Delila sy hare laat afsny het.*)
  - Rigters 13: 1: *Die Israeliete het weer gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here, en Hy het hulle veertig jaar lank oorgegee in die mag van die Filistyne.*

## **VANDAG LEER ONS**

### **BEGIN SO**

Ons word soms kwaad as ons nie ons sin kan kry nie. Maar dit is nie reg nie. 'n Mens behoort nie lelik op te tree om jou sin te kry nie. Jona was ongelukkig toe die Here nie gedoen het wat hy wou hê nie. Ons ouers doen ook partykeer goed waarvan ons nie baie hou nie, maar hulle doen dit omdat hulle weet wat die beste is. God doen dit ook, en ons kan dit duidelik sien in die geskiedenis van Jona.

### **IETS INTERESSANT**

Gebruik MEER INLIGTING hierbo en vertel Jona se verhaal aan die kinders of lees dit gevoelvol voor.

### **IETS BELANGRIK**

Beklemtoon weer die volgende:

- Ons verstaan nie altyd as die Here en ons ouers nie vir ons gee wat ons wil hê nie.
- Die Here weet altyd wat die beste vir ons is.
- Hy leer ons ouers ook om net die goeie dinge vir ons te gee.
- Die Here kan ons lewens anders laat verloop as wat ons soms wil hê.
- Die Here is besorg oor alle mense.
- Hy hou sy beloftes teenoor almal.
- Hy vergewe almal wat jammer is oor hul sonde.

## IETS OM TE DOEN

- Deel die boekmerke uit – twee vir elke kind.
- Laat hulle op albei Gesang 552: 1 neerskryf en dit mooi inkleur. (Die woorde is aan die einde van die les onder die opskrif AFSLUITING.)
- Laat hulle een voltooide boekmerk in hul Bybels by die verhaal van Jona plaas.
- Die ander boekmerk gaan hulle vir hul tuisopdrag gebruik.

## BY DIE HUIS

### Doen

- Laat hulle vir iemand tuis of vir 'n maatjie die tweede boekmerk gee en die verhaal van Jona vir hom of haar vertel.
- Hulle moet veral die gedagte oordra dat die Here se genade vir alle mense bedoel is.

### Leer

Laat hulle die volgende gaan leer en die teks memoriseer:


- God stuur Jona na Nineve.
- God wil hê die mense moet ophou met die slegte dinge.
- Jona wou nie gaan nie en kruip in 'n skip vir God weg.
- 'n Hewige storm tref die skip.
- Die bemanning gooi Jona oorboord toe hulle agterkom dat die storm sy skuld is.
- 'n Vis sluk Jona in en spoeg hom naby Nineve op die grond uit.
- Ons moet gehoorsaam aan God wees, want ons kan nie vir Hom wegkruip nie.
- Die Here sien om na alle mense, selfs dié wat Hom nie ken nie.
- Jona 4: 2c: *Ek het geweet U is 'n genadige en barmhartige God, lankmoedig en vol liefde.*

## AFSLUITING

Sluit af met Gesang 552: 1 as gebed.

*Liewe Vader, ek sê dankie  
vir die wêreld rondom my,  
want die hemel en die aarde  
het ons als van U gekry.  
Amen.*

DIE HERE  
IS BESORG  
OOR  
ALMAL



GESANG 552